higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOEREKONOMIE
NKR VLAK 4

(11020304)

13 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike pasmaats vir die volgende stellings. Kies die opsie en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Kostes sal verlaag word as diensverskaffers hulle fasiliteite tot die volste fisiese kapasiteit gebruik:

A Skaalbesparings
B Omvangbesparings
C Konsentrasiebesparings
D Benuttingsbesparings

1.1.2 Mense wat aftree of 'n hoër inkomste verdien, is geneig om meer te reis vir ontspanning vanweë ...

A 'n verandering in sosiale gewoontes.
B die spitsvraag.
C 'n verandering in mededingers.
D 'n bevolkingsverandering.

1.1.3 Prys waarteen vervoerdiensverskaffers bereid is om die dienste teen 'n wins te verkoop, en die prys wat vervoergebruikers bereid is om te betaal, verwys na ...

A die ekwilibriumprys.
B pryselastisiteit.
C 'n markbeginsel.
D 'n prysverandering.

1.1.4 Die bestuur en instandhouding van die lughawe-infrastruktuur van Suid-Afrikaanse lughawens is die verantwoordelikheid van die:

A Lugverkeer- en navigasiestelsel
B Suid-Afrikaanse Siviele Lugvaartowerheid
C Lughawemaatskappy Suid-Afrika (ACSA)
D Hawereguleerder van Suid-Afrika

(4 × 1) (4)

1.2 Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.4) in die ANTWOORD-BOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Word beïnvloed deur prys van produksiefaktore	A	vervoerkostes
1.2.2	Beweging van passasiers of goedere insluitend alle kostes soos regskostes en infrastruktuur	B	verkeersverbod
1.2.3	Meer direkte benadering om die vraag na vervoer te verlaag	C	kommoditeitskettings
1.2.4	Laat beweging toe na 'n geïntegreerde vervoer	D	verkeersbestuur
		E	aanbod
		F	vervoertariewe

(4 × 1) (4)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die hoof- passasiersvervoermodus is afhanklik van die tipe beweging, die afstand wat afgelê gaan word en die beskikbaarheid in die modus.

1.3.2 Vaste indirekte kostes is die herhalende kostes of aktiwiteite ongeag die vervoergoedere of diensprojek.

1.3.3 Landsburgers is een van die belanghebbendes in verkeersbestuur.

1.3.4 Die uitvoerbevorderingseenheid is verantwoordelik vir die ontwikkeling en implementering van streeks- invoerstrategieë.

(4 × 1) (4)

1.4 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Vervoerdiens waarin 'n kontrak tussen vervoergebruikers en 'n vervoerdiensverskaffer onderhandel kan word.

1.4.2 Een van die faktore wat vraag kan beïnvloed as die markprys verontagsaam word.

1.4.3 Hoeveelheid geld wat van vervoerdienste en goedere op aanbod afkomstig is.

Kopiereg voorbehou

1.4.4 Vervoerbestuurstrategie wat parkering op straat beperk en heffing van hoër parkeertariewe behels (4 × 2) (8)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Identifiseer DRIE hoofspelers in die vervoermark. (3 × 1) (3)

2.2 Beskryf TWEE vervoerdiensverskaffers in die vraag- en aanbodketting. (2 × 2) (4)

2.3 Die regering speel 'n belangrike rol in die ekonomie aangesien hy verantwoordelik is vir die voorsiening van openbare goedere en dienste.

(*www.tidasa.co.za)*

2.3.1 Noem DRIE verantwoordelikhede van die regering om te verseker dat openbare goedere voorsien word. (3 × 2) (6)

2.3.2 Noem DRIE faktore wat beïnvloed word deur die besluit om 'n rit te onderneem. (3 × 2) (6)

2.3.3 Identifiseer DRIE faktore wat oortollige aanbod kan veroorsaak. (3 × 2) (6)

2.4 Noem DRIE faktore wat vervoertariewe beïnvloed. (3 × 1) (3)

[28]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik TWEE tipes vervoervraag. (2 × 3) (6)

3.2 Noem TWEE kostedoeltreffende alternatiewe wat deur vervoergebruikers gebruik kan word. (2 × 2) (4)

3.3 Noem enige DRIE faktore wat kan ontstaan as gevolg van prysveranderings van vervoerdienste. (3 × 2) (6)

3.4 3.4.1 Teken die struktuur van die ekwilibriumpryskromme. (5)

3.4.2 Verduidelik die struktuur van die ekwilibriumpryskromme wat jy geteken het. (3)

3.5 Verduidelik TWEE primêre rolle van water as 'n vervoermodus. (2 × 2) (4)

[28]

VRAAG 4

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Verkeersbestuur sluit alle strategieë in wat die regering, munisipale rade en organisasie gebruik om verkeer te bestuur. Verkeer word beheer met die doel om die doeltreffendheid van die vervoerstelsel te verhoog, en sy fokus is op padvervoer. Vervoerbestuur kan ook verskeie uitwerkings op die vervoerbedryf hê.

[Bron: *www.teta.co.za.*]

4.1	Beskryf TWEE doelwitte en oogmerke van verkeersbestuur.	(2 × 2)	(4)
4.2	Noem en verduidelik TWEE prysbepalingsvlakke en hulle strategieë.	(2 × 3)	(6)
4.3	Beskryf DRIE voordele van intermodale vervoer.	(3 × 2)	(6)
4.4	Onderskei tussen *intermodale vervoer* en *intramodale vervoer*.	(2 + 2)	(4)
4.5	Gee TWEE redes waarom Suid-Afrika die wêreldmark ondersoek.	(2 × 2)	(4)
			[24]

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou